Kort verslag vergadering klassis Suid Oktober 2008

Die klassis Suid, bestaande uit die kerke Bethal, Johannesburg en Kaapstad het op 17 en 18 Oktober plaasgevind in Belhar.
Die kerk van Belhar het met aanbeveling van die van Kaapstad aansoek gedoen om as selfstandige kerk in die verband opgeneem te word. Visitatore het die gemeente besoek en die klassis het met blydskap die gemeente aanvaar as selfstandige kerk in die kerkverband. Die afgevaardigdes van Belhar het daarna hulle plek ingeneem as afgevaardigdes in die klassis.
Op Saterdag 18 Oktober is die vervolg eksamen van br. Pieter Abrahams. Die eksamen het skriftelik plaasgevind en die eksaminatore het hulle evaluasie van die eksamen aangestuur. Na die aanhoor van die evaluasies het die klassis die kandidaat vrymoedig toegelaat en hom beroepbaar gestel in die kerkverband. Br. Koos van der Linden van Kaapstad sal hom verder begelei as mentor.
Bethal het hulle moeites in die gemeente vir die klassis gebring en dat hulle baie graag weer ‘n eie leraar wil beroep. Die klassis noem dat die tekorte in fondse nie ‘n belemmering moet wees om tot beroeping te kom nie. Tans doen ds. Bijzet van Nederland hulpdienste vir 4 maande in Bethal.
Die kerke in die klassis word gevra om vir die jaar 2009 R3.00 per siel in te betaal vir die koste wat die klassis en deputate aangaan.

Namens die klassis
Atze Herder, Skriba